DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

GEBONDENHEID...

Ons het aan die einde van ’n jaar gekom. Alles het nie altyd so glad verloop nie, maar deur al die moeilike tye heen het die Here ons tog gehelp, en alles gegee wat nodig is.

Ons ken nie die aard van die probleme of moeites wat op jou afkom nie. Dalk ’n siekte wat onverwags toegeslaan het? Dalk ’n liefdesteleurstelling wat jy self moet verwerk? Dalk teleurgesteld oor die afgelope eksamen? Van een ding kan jy in elk geval absoluut seker wees: die Here weet daarvan. Hy ken jou en jou omstandighede. Jou hartseer en pyn gaan Hom ter harte. As Hy in hierdie gebroke wêreld nie al jou liggaamlike wonde genees nie, sal Hy in elk geval jou hart se wonde genees, en alles vir jou ten goede laat meewerk.

As kinders van die Here moet ons lewe in gestalte en gehalte sodanig wees dat ons ons Vader in die Hemel verheerlik. Ons moenie slordig wees in voorkoms en ’n spektakel van onsself maak nie. Ons moet ’n egtheid en minsaamheid uitstraal wat glans aan ons persoonlikheid verleen, al is ons nie almal beeldskoon nie. Ons gesprekke en optrede moet die stempel van kinders van God dra. Daar is geen rede waarom ons nie kan nie, want ons is “bome van redding,” (Jes. 61:3) deur die Here geplant om sy roem te vermeerder. Wat God geplant het mag nie misluk nie. Laat ons met die boodskap ook uitsien na ’n opwindende vakansie- en kongrestyd.

Ons wens al ons lesers ’n geseënde Kerstyd toe en die Here se liefde en sorg vir die jaar wat voorlê.

Ek wil die hoogste Heer
met blye roemtaal eer,
my Redder en Bewaker.
In nederige staat
wou Hy my nie verlaat,
my God en Saligmaker
Skrifberyming 1:1

Kersgroete namens die Kaapse-Redaksie
Carina van Alten

INHOUD

Gebondenheid...	1
Uit die Woord	**2**
Die Seuns van Skeva	2
Die Sesde Bede	3
Miga	4
Oppad	**4**
Honour God’s Name – Also When We Watch Movies	4
Die Bybel, die Psalms en die Hervormers (IV)	7
Voel jy ook so?	**8**
Wil jy die Kongres vir Elkeen Lekker Maak?	8
Kongres	**10**
Sprekers by die Kongres	10
Algemene & Besondere Kenmerke van Gereformeerd Wees	10
Ons Gemeente: ’n Oop Huis?	11
Gereformeerd Wees in ’n Lewe Beheers deur Charismatiese Bewegings	12
Postmodernisme	13
Sosiaal	**15**
Deur die Sleutelgat	15
Voetspore	16
Resensie	**17**
www.screenit.com	17
Nog Iets	**18**
Brokkies@epos.co.za	18
Gedig: Jaarwisseling Meditasie	19
Verjaarsdae	20
Gelukwensing	20

DIE SEUNS VAN SKEVA

Handelinge 19: 11-20

Corrien Geleijnse

"*En dit het bekend geword aan al die Jode en Grieke wat in Efese woon, en vrees het op hulle almal geval, en die Naam van die Here Jesus is groot gemaak*" (vs. 17).

Aan hierdie enkele versie is heelwat gebeure en feite gekoppel. Eerstens Skeva, soos die opskrif begin. Wie was Skeva, en hoekom word sy naam hier genoem? Soos ek, het baie van julle dalk geen idee gehad daarvan dat die naam in die Bybel voorkom nie.

Skeva was 'n Joodse owerpriester, dus beslis nie een van die geringer mense in die samelewing nie. Weliswaar nie 'n hoëpriester soos 'n mens dalk verkeerdelik mag aflei nie, maar hy was wel volgens die literatuur deel van die hoëpriesterlike familie. Verder het Skeva sewe seuns gehad, en al sewe van hulle was, wat die Bybel duiwelbesweerders noem.

Redaksies:

Pretoria:
Redaktrise: Tanya de Vente – tanyadevente@freemail.absa.co.za
Sekretaresse: Carina Bijker
Lede: Wilma Lubbinge
Chris Stolper
Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie-Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Kaapstad:
Redaktrise: Carina van Alten - carinavalten@mweb.co.za
Artikelversorging: Corrien Geleynse
Sjirk Geert
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Albert Drijfhout

Kontakpersone:
Johannesburg: Marietjie Bijker
Bethal: Eugene du Preez
Springs: Thersa Heuning
Brakpan-Suid: Marcel Brown

Administrasie & uitleg:
Willemien Kleijn - willy_k@freemail.absa.co.za
Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R45.00 per jaar

Hierdie sewe seuns het in die tyd wat Paulus deur Efese gereis en verskeie wonderdade deur die krag van God gedoen het (vs. 12), "dit gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor die wat bose geeste gehad het, en te sê: Ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig!" (vs. 13). Uit die feit dat die duiwelbesweerders praat van "die Jesus wat Paulus verkondig" kan ons met sekerheid aanneem dat hulle nie self in hierdie Jesus, ons Here, geglo het nie. Hulle het gesien met watter sukses Paulus die naam van Jesus oor die duiwels uitroep, en dit het vir hulle na 'n baie eenvoudige en effektiewe towerspreuk gelyk, en so het hulle dit ook gebruik.

Ons sien egter in vers 15&16 dat hierdie "towerformule" vir die seuns van Skeva jammerlik faal. Die bose gees wat hulle probeer besweer het, erken dat hy God ken, en ook reeds van Paulus weet, maar hy herken die onmag van die seuns van Skeva – hulle wat 'n krag aanroep waarin hulle nie glo nie. Die bose gees besef dat hy opgewasse is teen die duiwelbesweerders, en hy val hulle – deur die besetene – aan, verwond hulle, en skeur hulle boklere af. Die seuns van Skeva moes vlug uit die huis waar hulle besig was.
Hierna volg die teksvers waarin ons sien dat die nuus van hierdie voorval vinnig deur 'n groot stad soos Efese versprei is. Die feit dat vrees die inwoners oorval het, wil nog nie sê dat hulle tot geloof gekom het nie – vir die nie-Christene van daardie tyd was dit bloot die oorwinning van die een towerkrag oor die ander. Tog het dit wel waarde in die sin dat dit die Christene ruimte gegee het tot die beoefening van hul godsdiens.

Dis baie duidelik dat die gebeure 'n groot impak op die Efesiërs moes gemaak het, want baie van hulle het na vore gekom, "belydenis kom doen en hulle dade bekend gemaak; en verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaar gebring en voor almal verbrand…"(vs. 19). En hierdie was nie sommer boeke nie. Dit was beslis towerboeke met spreuke en formules, ter waarde van onmoontlike bedrae geld. (Blykbaar bestaan daar vandag nog van hierdie boeke of papirusse).

Die laaste vers van die Bybelgedeelte wys daarop dat die koninkryk van God nie uitgebrei word deur towerkrag of die mag van mense nie, maar deur die onfeilbare krag van God en sy Woord alleen. Dit was immers die doel van die sendingsreise van Paulus – om die Woord van God aan die heidene te verkondig en vir die uitbreiding van sy koninkryk te werk.

DIE SESDE BEDE

"*Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose*"

In die vyfde bede het ons gevra of die Here ons sondes wil vergewe. Daar het ons gesien dat ons ook regtig berou moet hê. Nou vra ons vir die Here om ons te verlos uit die mag van die sonde. Om ons uit die slawerny van die sondes te verlos. Maar as ons vergewing van ons sondes gevra het, is ons nie klaar nie. Ons kan dan nie net agteroor gaan sit nie! NEE! Dan moet ons nog teen die sonde stry, want 'n kind van die Here wil nie meer sondig nie. Hy wil juis meer en meer lewe soos God van hom verwag en soos Christus dit vir ons as voorbeeld gewys het. Dan wil ons regtig veg teen die sonde en dit nie weer doen nie. Dit is dan wel 'n moeilike saak en daarom vra ons dan ook vir die Here om ons daarby te help, want uit onsself kan ons dit nie doen nie. Ons vra dus vir die Here om ons teen onsself te beskerm.

As jy hierdie bede dus opreg bid stel jy jou houding teen die Bose heel duidelik: VYANDSKAP! Ons wil nie doen wat die Satan, die wêreld en ons eie sondige natuur vir ons sê en wat hulle wil hê ons moet doen nie. Die ou mens het afgesterwe en die nuwe mens is gebore. Dit beteken egter nie dat jy onmiddellik sonder sonde is nie. Kyk maar na wat in jou lewe gebeur. Die Satan gaan nie nou ophou om oor jou te veg nie. Hy wil sy verlore stryd tog nog probeer wen. Hy bly jou dus versoek, maar dan mag ons weet dat die Here hierdie wedergeboorte in jou gewerk het. Hy het daarvoor gesorg dat jy hierdie bede opreg kan bid. En dan weet ons ook dat Hy alles wat Hy begin voorspoedig uitvoer. Ons hoef dus nie alleen te voel in hierdie stryd nie. Ons kan dan ook altyd weet dat ons weer na Hom kan kom om te vra vir krag en leiding.

In hierdie bede is daar egter nie net vyandskap ter sprake nie. Hier is ook sprake van angs. Ons vra hier tegelyk vir twee dinge van God. In die tweede deel van hierdie bede, "verlos ons van die Bose," is die angs duidelik sigbaar. Dit is eintlik amper 'n doodskreet. Ons weet almal hoe magtig die Satan en sy helpers is. Sy mag is nie gering nie, maar tog kan ons, as gelowiges, dan elke keer weer weet dat die Here se mag soveel groter is en dat die Satan net kan doen wat Hy hom toelaat om te doen. Ook mag ons weet dat die Here net toelaat wat goed is vir sy kind. Hy sal jou ook nie bo jou vermoë beproef nie. Hy ken sy kinders en weet presies tot waar Hy die Satan kan laat gaan.

Dit sien en bely ons dan ook in die gedeelte: "Lei ons nie in versoeking nie." Ons vra die Here om ons nie in versoeking te lei nie. Ons vra nie dat die Here ons nie versoek nie. Die Here versoek ons nie. Hy beproef ons. Tog staan daar dat die Gees Jesus in die woestyn gelei het om versoek te word. Die Here laat dus toe dat ons versoek word, maar die duiwels kan niks aan ons doen as die Here dit nie wil hê nie. Geen haar sal van ons hoof val nie, sonder die wil van God die Vader nie. Ook die duiwels staan onder God se bestuur, net soos al die ander skepsels.

Deur hierdie bede staan ons so sterk, want ons roep in ons swakheid tot die Persoon wat so magtig is dat niks aan ons kan gebeur sonder sy wil nie.

So kan ons dan vrymoedig bid: "Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose…" Gee ons Here dat die verleiding nie te sterk word nie en dat ons staande kan bly in die lewe met U. En omdat die Here Almagtig is, is die sonde en die duiwel eintlik magteloos en kan ons in sekerheid lewe dat niks ons kan skei van die liefde van God nie. God sy geloof! Aan Hom al die krag, eer en heerlikheid! Amen.

Laat ons dan ook in hierdie sekerheid lewe in die Suid-Afrika van vandag en laat ons al ons krag van God alleen verwag. Laat ons dan nie alles as vanselfsprekend aanvaar nie en veg teen die verkeerde dinge in ons lewe en ook Hom vir die krag vra om daarmee te breek.

MIGA

Ineke Roose

Oor die agtergrond van Miga se lewe is baie min bekend. In hoofstuk 1 word daar wel genoem dat Miga in die tyd van die konings Jotam, Agas en Hiskia geleef het. Dit maak hom dus 'n tydgenoot van Jesaja. In teen-stelling met Jesaja was Miga egter 'n plattelander. Ten spyte van die verskil het albei dieselfde boodskap gehad om aan die volk te bring. Albei het die sondes van die volk uitgewys en God se naderende oordeel aangekondig. Miga maak dit duidelik dat hy baie teenstand ontvang het van die volk, want hy het nie, soos die valse profete, die volk net vertel wat hulle wou hoor nie, maar God se Woord en sy wil verkondig. Sien ons dit nie ook vandag, dat die gewildste dominees diegene is wat slegs God se liefde en vergewing verkondig nie?

Die sondes waarteen Miga stry is sondes wat ook vandag nog in ons samelewing voorkom. Voorbeelde hiervan is die onderdrukking van die armes (2:1-5), korrupsie (6:10-11), die gewildheid van valse profete (2:6-11), volksleiers wat misbruik maak van hul posisies (3:1-12) en die dien van afgode (5:13-15). Kom hierdie sondes ook in ons kerkgemeenskap voor? Miga het al die bogenoemde sondes onder die volk raakgesien en gewaarsku dat God dit nie ongestraf sal laat bly nie. Hy verkondig dat God sy toorn op die volk gaan loslaat en dat sy oordeel op pad is. Die oordeel wat Miga aangekondig het, was die ballingskap waardeur die volk Israel deur Assirië weggevoer is (722-721 vC) en later die volk Juda na Babel weggevoer is (586 vC). Die oordeel wat deur Miga genoem is, het nie meer direkte betrekking op ons nie. Hierdie oordeel bevat egter nogsteeds 'n algemene waarskuwing vir ons vandag (sien ook Hebr.10:26-31).

Ten spyte van Miga se swaarmoedige profesie, verkondig hy ook 'n boodskap van hoop en vertroosting. In hoofstuk 4 wys Miga alreeds dat God mense uit alle nasies sal vergader en dat die mense sy Naam sal aanroep. In hoofstuk 5 verkondig Miga ook duidelik die koms van Christus wat die ewige vrede sal bring. Aan die einde van die boek wys Miga dat God 'n vergewende God is wat al sy kinders se sondes sal vergewe en altyd getrou sal bly. Duisende jare nadat die boek Miga geskryf is kan ons dus nog steeds baie leer uit hierdie boek en ontvang ons nie slegs waarskuwings van God se toorn nie, maar ook hoop en vertroosting.

Oppad

HONOUR GOD'S NAME – ALSO WHEN WE WATCH MOVIES

Movie Review of *A Walk to Remember*

Willemien Kleyn

Introduction

Although most movies are made by non-Christians and ignore God or even worse, deny God and misuse His Name, more and more Christians are beginning to make movies and to introduce Christian themes in their movies (Veith, 2002, McClure, 2002a). One of the movies that Veith (2002) names as part of this

trend is *A Walk To Remember*. He indicates that he was pleased to see conservative Christianity portrayed in a positive way in this movie. Secular reviewers, on the other hand, were very pessimistic about this movie. According to Cinema Review (2002), their average rating was 2. 5 out of 5. The audience, mainly teenagers and young adults, however, seemed to love this movie and recommended it for other people to watch.

Themes

A Walk To Remember has many serious themes. McClure (2002b) names some of these:

?? Taking a stand against peer pressure;
?? defending strong moral principles and faith;
?? confronting issues about death and illness; and
?? dealing with forgiveness and compassion.

The author of the book, *A Walk to Remember*, the book on which this movie was based, Nicholas Sparks, indicates that for him this story is basically about love (Hopler, 2002). He states, "The story is all about the beauty, power, and innocence of first love. I wanted to really show them deeply in love - not in lust, but in true love."

One of the producers, Denise Di Novi, considers the overarching theme to be compassion: "The character Jamie, I think, is a very good example of Jesus' teaching" (Hamaker, 2002). The other important aspect for her is the ability for young people to stand up for their faith: "I think the message is that your life needs a spiritual component of faith, and that you don't have to be like other kids."

Forgiveness and compassion

Throughout the movie there is a strong emphasis on forgiveness and compassion. This begins early in the movie when Jamie (played by Mandy Moore) asks her father, "Daddy what about forgiveness?!" This positive message of forgiveness is repeated on various occasions as Jamie models forgiveness and compassion and thereby influences Landon (played by Shane West) to also forgive his father and his friends.

It is, however, a pity that nothing is said about God's forgiveness. The Bible, after all, states clearly, "Forgive as the Lord forgave you" (Col. 3:13). Human forgiveness is thus compared to God's forgiveness of our sins. Although the characters had many reasons to turn to God in repentance, they only went to apologise to the persons whom they hurt (whether physically or emotionally).

Love

As has been mentioned before, love is a theme that runs like a golden thread through the movie. Both the author of the book on which the movie was based and the producer considered this an important part of the message. They compare the love that Jamie showed to the love of Christ. The question is, however, can this love truly be compared to Jesus' love?

During His time on earth Jesus showed compassion to the sinners and was willing to associate with them (just as Jamie was willing to associate with Landon despite his wild past). He healed people and did not condemn people who were condemned by the spiritual leaders of the time. But what did He always say to people? "Repent!" Take for example the woman who was caught in adultery. After Jesus had effectively sent all the Pharisees away, He turned to that woman and said, "Neither do I condemn you. Go now and leave your life of sin" (John 8:11).

But what does Jamie do? She begins a relationship with Landon. A relationship that even leads to a marriage. For sure, she tells him about her faith and she urges Landon to visit the boy whom he hurt. But Jamie never points to the Saviour. She never urges Landon to repent and come to faith. Surely true love would make her share her faith in such a way that Landon, too, could share in her faith? More importantly, true love for God would make her reject any romantic relationship with an unbeliever.

The movie has, for this reason, also received criticism from various Christian groups, including *Focus on the Family* and the

Movieguide. Both of them warn against the compromising relationship that Jamie enters in the movie. Bruce Donaldson from the *Movieguide* formulates his concern as follows (Hamaker, 2002): "The most disappointing thing about this movie is the Romantic worldview that, somehow, human love can conquer what's bad and 'save' someone. If I had a daughter, I'd be concerned that, after seeing this movie, she'd get some romantic notion of finding an unruly boy and taming him herself."

In response to this, Denise Di Novi actually goes so far as to state that, "Personally, I don't believe Christians should only be allowed to date other Christians, because anyone can become a Christian at any time. I think that's very exclusionary. She doesn't date him to convert him. In fact, we never show whether he does or not accept Christ, which I think a lot of Christians have had problems with."

Exclusionary or not, God is very clear that He wants His children to abstain from marriages with unbelievers: "Do not be yoked together with unbelievers" (2 Cor. 6:14). Part of Ezra and Nehemiah's tasks in Israel was to purify the nation by banning the foreign women from the land (Ezra 9-10; Nehemiah 13). God wants His people to be holy and totally dedicated to Him. As for the argument that such a person may come to faith at any time, Jesus' response to Satan when he asked Him to jump off the temple roof, is also relevant in this case: "Do not put the Lord your God to the test" (Matt. 4:7). By entering into such a marriage you effectively also jump off the roof in the hope that God will catch you. In His grace God may indeed decide to catch you, but this is no excuse for disobeying Him in the first place.

Jamie's father, a pastor, twice warns Jamie against entering a relationship with Landon by mentioning God's will. The first time she responds by stating, "I think He wants me to be happy." It, however, soon becomes apparent that the real reason why he warns her is not to protect God's holiness, but to spare Jamie and Landon the pain related to her illness and early death: "Then be fair to him, Jamie. Before things get worse." In this way God is portrayed as being more concerned about His children's temporal happiness than about their and His holiness.

We will return to the theme of faith later in this article. First something else related to love. It was refreshing to see a portrayal of a romantic relationship that did not involve immediately jumping into bed. On the other hand, I do have some questions about Jamie's behaviour. She accepts a date with Landon and allows him to kiss her only to say immediately afterwards, "I told you not to fall in love with me." How loving can you get, first allow his advances, and then expect that he doesn't love you?! They also spend an entire night all-alone in the cemetery. For sure, she indicates that she is "not seducible," but the final image leaves her sitting on his lap. I believe that sitting close together, alone, all night is a precarious position to be in. Your mind may say that you are not seducible, but your body will eventually speak a different language...

Faith

At the end of the movie Landon states that Jamie "went with her unfailing faith." That sounds very correct and Christian (and I am sure that is also what is intended). My question is, however, how is faith portrayed in the movie? A close look at the movie will cause some confusion. Jamie states at the beginning of the movie, "I have my beliefs – I have faith, but don't you?" When asked to explain her faith she can, however, only say:

Jamie: "It's like the wind. I can't see it, but I can feel it."
Landon: "What do you feel?"
Jamie: "I feel wonder.. and beauty, joy, love. I mean it's something of everything."

Not exactly a clear indication of what she believes in. At times she is seen with a Bible, but she does not dare to give a Bible to Landon. At one stage she even apologises for the size of a book that she gives to him by saying, "Don't worry, it's not a Bible."

On the other hand, one can agree with the author, Nicholas Sparks that, "I don't necessarily believe that the job of a novel is to preach, but I did set out to inspire people and

to touch them." A producer, Hunt Lowry, added that, "The movie had religious overtones and obviously she was a woman of tremendous faith, but it wasn't preachy and dogmatic - it was real. Religion is a very natural thing to me." That is fair enough. One can't expect a movie to be preachy, but surely one can expect a clearer answer to Landon's questions, seeing as he asks them?

What makes this matter more confusing is the use of the word 'faith' to refer to faith in human beings. Landon approaches Jamie's father with the following request, "I'm just asking you for the same thing that you teach us every day in church, and that's faith." With that he means faith in him, giving him another chance. Later this is stated even more clearly when Landon tells his mother, "Jamie has faith in me. You know, she makes me all different. Better." When I hear Landon telling that Jamie "went with her unfailing faith," I wonder whether he is referring to faith in him or to faith in God.

Conclusion

It is commendable that Christians are making movies in which they are prepared to present Christian themes and characters. After reviewing *A Walk To Remember*, I am, however, concerned that humanistic themes have boycotted the Christian ones. The characters were ultimately responsible, not to God, but to their fellow human beings. There was mention of faith in human beings. In this way God still does not receive the honour He deserves.

References
Cinema Review. 2002. A Walk To Remember.
http://www. cinemareview. com/main. asp?movieid=379908
Hamaker, C. 2002. Di Novi Brings Faith to Big- and Small-Screen Productions.
http://www. crosswalk. com/fun/1120010. html
Hopler, W. Sparks Hopes Audiences Take A Walk to Remember.
http:/ /www. crosswalk. com/fun/1116350. html
The NIV Study Bible. 1985. Grand Rapids: The Zondervan Corporation.
McClure, H. 2002a. Hunt Lowry, on the Importance of Positive Movies.
http://www. crosswalk. com/fun/1145736. html
McClure, H. 2002b. Positive Message Lifts A Walk to Remember.
http://www. crosswalk. com/fun/1116978. html
Veith, G. E. 2002. Foot in the Door.
http://www. crosswalk. com/fun/1130206. html

DIE BYBEL, DIE PSALMS EN DIE HERVORMERS (IV)

Die liedere van die Nuwe Testament

Ook in die Nuwe Testament het die apostels die gewyde Joodse lofsange van hulle tyd oorgeneem en self gesing. Ons lees: "En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing" (Hand. 16:25).

Paulus sowel as Jakobus het die gebruik van die Psalms, lofsange en geestelike liedere tydens byeenkomste van die vroeë Bybelse gemeentes sterk aanbeveel.

Liedere van die vroeë Christene

Die geskrifte van die ou kerkvaders lewer talryke bewyse van die besondere plek wat die gewyde lied onder die eerste Christene en in die vroeë Christelike kerk ingeneem het.

Plinius die Jongere, wat aan die begin van die 2de eeu stadhouer van Bithinië was, skrywe: "Die Christene was gewoond om op 'n vasgestelde dag voor dagbreek bymekaar te kom en in beurtsang Christus as God 'n lied toe te sing!"

Tertullianus, wat in die 2de eeu geleef het, sê: "Die eerste Christene het in hulle liefdesmaaltye na die maaltyd altyd mekaar uitgenooi om 'n lofsang te sing, uit die Heilige Skrif geneem of deur hulle self opgestel, en hulle het in goeie en kunstige sang mekaar probeer oortref!"

Eusebius verwys na "die menige Psalms en liedere wat daar deur die gelowige broeders van die begin geskryf is, en wat die Woord van God en die Christus loof en Hom God noem!"

Die woorde van die Psalms was op die lippe van duisende van die eerste Christene wat die marteldood moes sterwe. Augustinus het byvoorbeeld Psalm 23 tot lied van die martelare gekies.

Die vroegste en vernaamste teks van die eerste Christelike kerklied was ongetwyfeld die Psalms. Daarby is ook gesange en geestelike liedere gesing.

Die oudste Christelike melodie wat bestaan, is 'n stuk Grieks-Christelike musiek, op Griekse wyse genoteer. Dit dateer uit die 3de eeu en toon duidelik die Griekse ondergeskiktheid van die melodie aan die taal. Vanaf die tweede eeu het die Griekse musiek die Christelike musiek aansienlik beïnvloed. Die metriese kerklied wat ons vandag ken, het sy oorsprong in die Griekse musiek.

Die vader van die westerse kerklied is Ambrosius, die kerkvader van die 4de eeu en biskop van Milaan. Hy was nie net 'n groot

liederedigter nie, maar het ook veral, deur 'n nuwe metode van sang in die erediens in te voer, die kuns verstaan om 'n nuwe belangstelling in sang by gemeentes van daardie tyd op te wek. Deur beurtsange het hy die een deel van die gemeente eers die een vers laat sing en dan het die ander deel van die gemeente weer geantwoord met die volgende vers, en so het hulle tot inspirasie van mekaar die hele lied gesing.
Van die vierde tot die sesde eeu het daar in die westerse kerk 'n skat van sangwysies ontstaan wat teen die einde van die sesde eeu gekonsolideer is. Hierdie konsolidasie is te danke aan Pous Gregorius I (590-604). Hy het gemeen dat die kerklike sang deur die onheilige gees van die wêreld aangetas is, en het derhalwe besluit om dit te hervorm. Hy het die eenstemmige melodie Cantus Firmus, met sy vaste statige gang ingevoer. Hierdie musiek word ook "Korale"-musiek genoem, d.w.s. eenstemmige koorsange wat in later jare in eenstemmige gemeentelike sang ontwikkel het.

Die kerklied in die Middeleeue
In die Katolieke kerk is hoofsaaklik van kore gebruik gemaak om die lidmate in die regte stemming vir die diens te bring. Musiek het ook 'n belangrike deel van die rituele en seremonies van hierdie kerk gevorm.

Die Middeleeue, wat 'n bloeitydperk vir die Rooms Katolieke kerk was, was ook 'n tyd van verval van die ware geestelike lewe en van die deelname van die gemeente aan die kerklied. Die gemeente kon maar net luister en swyend die diens wat in Latyn deur die priester met sy koor uitgevoer is, bywoon.

Word vervolg.
(Met toestemming geneem uit *Die Bybel, Die Psalms en die Hervormers*. deur Alet Malan, Hugenote -Gedenkmuseum, Franschhoek, 1995)

Voel jy ook so?

WIL JY DIE KONGRES VIR ELKEEN LEKKER MAAK?

-- 'n Artikel wat van waarde is vir elke persoon --

Chris Stolper

Persoonlikheidsprofiel – Analisering
1. Analiseerder A - Is mens georiënteerd
2. Analiseerder B - Is nie mens georiënteerd nie
3. Volgelinge - Stem met almal saam
4. Groot monde - Hulle ego het verby hulle intelligensie gevorder

Onder watter groep val jy? Dink jy dat wanneer jy eenmaal onder 'n groep val, jy vorentoe ook onder die groep sal val? Soos julle dalk sal kan insien, sou elke Christen tot die groep Analiseerder A moet behoort.

Verhoudings tussen die verskillende groepe, word hier onder aangedui.

Verhouding tussen:
1. die Analiseerder A en
   a. die Analiseerder B - Vermy mekaar.
   b. die Grootmonde - Analiseerder A sien deur hom.
   c. die Volgelinge - Kan praat oor nie kwantiseerbare dinge.

2. die Analiseerder B en
   a. die Volgelinge - Geen intellektuele stimulasie nie.
   b. die Grootmonde - Analiseerder B gebruik hom.

Kan elke Christen 'n leier wees?
Die antwoord is vir die grootste gedeelte, Ja! Lees die res van die artikel, om die vraag en die antwoord te verstaan. Hier onder volg 'n lys van eienskappe, wat deel behoort te wees van die groep Analiseerder A, of die mense wat die kongres vir ander mense wil lekker maak!

- Neem objektief besluite, maar doen dit met die oog daarop, hoe jy ander mense kan help.
- Wees baie versigtig om nie dinge wat negatief is, te sê van ander nie. Mense praat gewoonlik negatief van ander mense, om hulle af te bring na hulle vlak, of omdat hulle jaloers is. Dus luister nie na slegte praatjies nie.
- Wees geduldig met ander mense, maar ook met jouself. Dit is iets wat ons almal moet leer.
- Onderskei altyd tussen die persoon en sy gedrag. As iemand iets verkeerd gedoen het, moenie hulle karakter aanspreek nie.
- Werklike groot leiers vra nie krediet, vir dit wat hulle doen nie.
- Wees proaktief in jou verhouding met ander mense. Na 'n ernstige uitval met iemand,

neem die inisiatief en gaan vra om verskoning, ook al weet jy, jy was reg. Mense bly mekaar vermy na ’n onenigheid, totdat een van die partye sê dat hulle jammer is.

- Vergifnis is die manier hoe ons verhoudings aanmekaar hou. Ook vandag sien ons, hoedat mense mekaar nie wil vergewe nie. Ons wil baie keer nie erken, dat ons ’n fout gemaak het nie.
- ’n Unieke eienskap van die mens, is dat hy homself nie wil vergewe nie, wanneer hy ’n fout gemaak het. Jy kan eerder nie weer dieselfde fout maak nie, as wat jy jouself nie wil vergewe nie.
- “It’s easier to ask for forgiveness, than for commission.”
- As die inisiatief misluk, dan bly jy stil daaroor.
- Hou die beloftes wat jy maak. Dit skep vertroue. Wees versigtig om beloftes te maak. Indien dit nodig is om beloftes te maak, doen dit op die gebied van dinge wat in jou beheer is.
- Mense volg mense in wie hulle vertroue het, en wat vir ander mense omgee.
- Moenie bang wees om aan ander mense liefde te betoon nie.
- Aanvaar die beste in ander mense.
- Vergewe mense wat jou teleurstel. Probeer eers om die ander persoon te verstaan, voordat jy oordeel of tot ’n konklusie kom. Ons reageer dikwels te vinnig, en vernietig ander mense sodoende.
- As iemand iets goeds gedoen het, gee die erkenning vir hom in die openbaar, deur byvoorbeeld ’n kompliment.
- Elke aksie wat jy doen, doen jy uit jou “Window of believe.”
- Moenie, waar moontlik, in argumente betrokke raak nie. Dit het geen goeie eienskap nie. Veral nie, waar jy dit in die openbaar doen nie.
- In enige opset (bv. debat, vergadering), moet beide partye, eers gemeenskaplike grond hê, waarop albei kan staan, voordat daar begin word. ’n Voorbeeld hiervan is, wanneer beide partye dieselfde waardes deel. Bv. Openlike regverdigheid. Dit is veral van toepassing in die besigheids-omgewing.
- Elke mens is betekenisvol, maak nie saak hoe swak jy is nie. Daarom moet jy die nodige respek aan almal toon.
- Leiers respekteer almal, ongeag die situasie.
- Die lewe dissiplineer volwasse mense. Op ons ouderdom het jy nie meer dissipline, nodig nie.
- Hoe langer jy weg kom van moeilikheid, hoe harder slaan dit jou.
- Die lewe hanteer jou op grond van die besluite wat jy neem.
- Nat die tyd om ander mense te leer.
- Moet Nooit Moed Opgee Nie!
- Wees daar in tye van nood.
- Onthou veral klein dingetjies, soos iemand se verjaarsdag.
- As jy in die posisie is om iets vir iemand te beteken, doen dit dan.
- Ons mense is primêr rasioneel. Groot besluite neem ons in ons hart.
- Elke mens moet leer, om besluite in sy lewe te neem.
- Moet Nooit Jou Potensiaal Bevraagteken Nie!

Belangrikste van alles

Stel belang in ander mense, en wat hulle doen vanuit jou Bybelse opdrag. Daarmee bedoelende: probeer leef soos wat Jesus Christus hier op aarde geleef het. Doen dit nie sodat ander mense jou mag raak sien, en jy ’n goeie image mag kry nie. Maar gee om uit werklike opregte belangstelling, ook aan die wat eenkant is. Die bonus (let wel), is dat jy ’n innerlike geluk ervaar wat jou vrede en rus binne jouself gee.

’n Baie Groot Merkwaardigheid!

Al bogenoemde gemelde punte geld in wêreldse terme, as die eienskappe van ’n goeie Leier. Die punte was oorspronklik deel van ’n referaat van prof. Cloete, van die UP. Die titel van die referaat is: Watter eienskappe maak van jou ’n goeie Leier. Baie mense het hom al gevra, hoe hy aan die wysheid kom. Wat dink jy was sy antwoord? Sy antwoord is dat die eienskappe uit die Bybel kom. Hoe die Here van ons vra om te lewe, stem grootliks ooreen met hoe ’n goeie leier behoort te lewe. En nog steeds, wil die wêreld nie erken dat daar ’n God bestaan nie! Is dit nie ironies nie?

Dit is maar net een van die talle bewyse rondom ons, dat God werklik bestaan.
Dus vir ’n baie groot deel is ons as Christene alreeds leiers, deur net die Bybel na te volg. Moet ons dit dan nie uitleef, in ’n wêreld wat regte leiers soek nie?

Mag ons as Christene God om krag vra dat ons mag strewe om te lewe soos Jesus Christus eens op aarde gelewe het.

SPREKERS BY DIE KONGRES

Oom Ton Roos
Algemene en besondere kenmerke van Gereformeerd wees
Dominee Viljoen
Ons gemeente: 'n oop huis?
Tannie Idelet Meijering
Gereformeerd wees in 'n lewe beheers deur Charamatiese bewegings
Axel Hagg
Postmodernisme

Kongresouers

AAN ALLE JEUG:

KONGRES 2002

Tema: Gereformeerd wees in konfrontasie met postmodernisme en charismatiese kerke/gelowe. Ons taak en roeping ten opsigte van ander kerke/gelowe in Suid-Afrika.

Wanneer: 23 - 27 Desember 2002

Waar: Hawekwa, Wellington in die Skone Kaap!

Kom in jou soldaat gewaad vir die kongresete.

Navrae: Chrisjan 073 1666 396
Lieneke 082 500 7983

ALGEMENE & BESONDERE KENMERKE VAN GEREFORMEERD WEES

Hoe bespreek 'n mens nou die algemene en besondere kenmerke oor 'n woordjie wat so alledaags geword het. Die meeste van ons is gebore en getoë in die Vrye Gereformeerde Kerk. Ons ouers is gereformeerd en hulle het ons opgevoed volgens die gereformeerde beginsels en tradisies. Daarom doen ons vandag dinge op die gereformeerde manier.

Een van daardie kultuurgoed wat van jaar tot jaar oorgelewer word, van die een geslag na die ander, is die kongres. Dis 'n gewoonte. Die

meeste van ons sien daarna uit. Dis ’n jaarlikse item op die sosiale kalender wat ons nie graag misloop nie. Dis al so deel van ons tradisies dat dit vreemd sou wees as dit nie sou plaasvind nie. So deel van ons manier van doen, dat ons haas nie meer daaroor nadink nie.

Is ek reg? Ons dink nie meer daaroor na nie? Dink ons nog regtig na oor wat die kongres nou eintlik is? Waarom doen ons dit? Is dit ’n eienskap van ’n gereformeerde persoon om die jaarlikse kongres by te woon? En hoe meer jy dit bywoon, hoe meer gereformeerd is jy? En wat van die jaarlikse polemiek oor sekere gewoontes wat sekere mense op aandring oor wat toegelaat word of nie?
Aan die eenkant sou mens dink dat die onderwerp ’n mond vol is. Dit klink verskriklik gewigtig. As ’n mens nou die HAT nader sleep en uitsluitsel probeer kry oor wat elke kernwoord in die tema beteken, dan..... Ag, ek is nie lus hiervoor nie. Doen maar self die moeite.

Aan die anderkant is die onderwerp die eenvoud van self. Om gereformeerd te wees is eenvoudig. Al wat jy hoef te doen, is om te glo wat God in sy Woord openbaar. Die Bybel is ’n besondere boek, omdat dit die Lewende Woord is. Dit stel Johannes baie duidelik in sy eerste hoofstuk. En omdat dit die Lewende Woord is waarin jy glo, leef dit ook in jou. Nie omdat dit een of ander magiese krag het nie. Nee, omdat die Gees deur die genade van God in jou werk. In jou en in my. Nie omdat ons so goed is nie of omdat ons dit om een of ander rede verdien het nie. Inteendeel, uit ons eie kwalifiseer ons nie. Pure genade.

Nou, hoe werk so iets nou. Ons lees tog die Bybel. Sondae gaan ons twee kerk toe. Ons sing tog te heerlik en ons luister na die preek. Deur die week is daar nog jeugvereniging en katkisasie. Is daar nog iets meer? Is daar nog iets anders? Baie belangrik is Paulus se brief aan die Romeine. Lees dan spesifiek hoofstuk 12 en gee besondere aandag aan vers 2. Dit is die kern van gereformeerd wees. Dis wat ek graag met julle wil bespreek.

Voorstudie materiaal is moeilik om aan te beveel, want die meeste daarvan in Hollands. Nogtans gee ek graag my bronnelys.

Bronnelys:
- *Wat is gereformeerd?* deur Ds C Heiberg, Kompas, Maart 1996.
- *Wat is gereformeerd?* deur Ds E Viljoen, Kompas, November 2000.
- *’n Nuwe generasie*. deur Ds DM Boersema, Kompas, Desember 2000.
- *Wat is gereformeerd?* deur C van der Leest, De Vuurbaak, 1983.
- *Waarom nog gereformeerd?* deur Dr C Graafland, Kampen, 1973.
- *De Gereformeerde lewenswandel*. deur Ds WG de Vries, Oosterbaan, 1965.
- *Wat is gereformeerd?* deur Dr C Trimp, Oosterbaan, 1964.
- *Evangelisch – Reformatorisch – Gereformeerd*. deur Dr K Ruina, Willem de Zwijgerstichting, 1984.
- *Was Abraham gereformeerd*? deur HJJ Feenstra, Woord en Wereld, 1987.
- *Altyd reformeer*. deur Van Wyk, Voster, edm, Boekhandel de Jong, 1983.

Veilig ry. Sien jou op kongres.
Oom Ton

ONS GEMEENTE: ’N OOP HUIS?

In die voorlaaste hoofstuk van die boek Openbaring kry ons die mooiste beeld van die gemeente. Dit word voorgestel as ’n stad. Dit is ’n stad waar die Here woon en wil woon. Hierdie stad het ’n groot en hoë muur. Die Here beskerm immers binne-in daardie stad. Mense kan daar veilig wees - by die Here wat by sy gemeente in die stad woon. Ongelukkig is dit waar ons sig op hierdie stad ophou. Op die kongres einde van hierdie jaar, wil ek graag met julle verder gesels oor ander aspekte van hierdie stad.

Hierdie stad van die Here het ’n muur van beskerming. Maar die bedoeling van die muur is nie om gelowiges daar uit te hou nie. Die muur van die stad het twaalf poorte gehad waardeur die mense by hierdie stad in en uit kan beweeg. Die gemeente as huis van God is ’n oop huis. Die poorte van hierdie stad/huis staan oop na alle kante! Julle verstaan hopelik dat ons verder wil praat oor hoe ons as gemeentes vandag in Suid-Afrika "oop gemeentes” kan wees. Oop vir lidmate om in te stap. Maar ook ’n vriendelike, ontvanklike en

gasvrye plek vir mense wat nog nie inwoners in die huis is nie.

Ons dink dikwels aan 'n gemeente wat moet oopstaan, sodat ons ook buite die gemeente evangeliserend besig kan wees. Maar ons moet heel goed gaan nadink oor hoe ontvanklik ons as gemeente is wanneer gaste wel van buite 'n keer binne kom! Ontvang ons hulle soos (ere)gaste? Of sien ons hulle as gevaar en bedreiging? Kan ons wel goed met hulle praat oor wat ons besig hou in die lewe van die gemeente? Hoeveel van ons kan vir 'n gas verduidelik waarom die man op die houtkis (predikant op die preekstoel) sy hande in die lug hou aan die begin en ook weer 'n keer aan die einde van die erediens?

Dit gaan oor die vraag of ons 'n gemeente is wat nie alleen kan hoor en luister in die kerk nie, maar self ook op 'n goeie manier daaroor kan praat. Die Here wil sy Woord in ons harte gee. Natuurlik. Ons moet dit glo. Maar Hy wil dit ook in ons monde hê (Rom. 10: 8-10). Die gemeente wat werklik goed kan luister, moet ook goed kan praat. Soos 'n ander skrywer by geleentheid geskryf het: "In 'n lewende gemeente is daar iets te sien en te hoor." (my klem, E.V.). Daar word gepraat met mekaar en ander oor dit wat gehoor word in die huis van die Here. Ons woon lankal nie meer in 'n omgewing waar dit vanselfsprekend is dat ander verstaan wat in ons gemeente gebeur en veral waarom nie. Die Here se huis is 'n oop huis. Dit staan oop vir gaste, sodat hulle ook inwoners kan word…wanneer hulle verstaan waaroor dit in die huis gaan. Is ons as gemeentes gereed om sondaars wat tot geloof kom te ontvang? Kan ons hulle help en ondersteun en begelei tot volwasse gelowiges? Nee, nie die kerkraad nie - ons. Het ons genoeg liefde, meelewing en belangstelling vir ander sodat hulle ons gemeente sal ervaar as 'n oop huis waar geleef word uit en gepraat word oor die genadige liefde van die ewige God? Kom na die kongres en ons gesels verder hieroor!

GEREFORMEERD WEES IN 'N LEWE BEHEERS DEUR CHARISMATIESE BEWEGINGS

Wat verstaan ons onder CHARISMATIESE SEKTES?
In ons Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) art. 29 word daarop gewys dat daar in die wêreld baie sektes is wat hulle met die naam van die kerk bedek. Die woord sektes beteken dat hulle hul van die kerk afgeskei het om watter redes ook. So vind ons dat al die sektes ook die naam kerk gebruik.

Nou is dit nie die bedoeling dat ons al die sektes gaan behandel nie. Bv. nie die Jehova se getuies, die Mormone, die Christian Science, die Teosofie en dergelike nie, maar in die besonder die charismatiese sektes.

Wat moet ons onder Charismatiese sektes verstaan? Die woord *charis* is 'n oorspronklike Griekse woord wat genade beteken. En *charisma* beteken dus genadegawe. Charismatiese sektes is dus sektes wat besondere genadegawes voorstaan en bevorder. Dikwels is hulle baie hartlik en aantreklik en daar gebeur iets in hulle eredienste. Dikwels met opwindende musiek en moderne musiekinstrumente. Een van die kenmerke by al die Charismatiese sektes is die volwasse doop, die kinderdoop word verwerp. Ook is die tongetaal een van die kenmerke dat hulle met die Heilige Gees gedoop is. Hulle verwys graag na die eerste Pinksterdag in Jerusalem (Hand. 2), sodat duisende hulle sal aansluit. In die eerste Christelike gemeente was daar wondergenesings en selfs opwekking van dode (Tabita, Hand. 10). Die lewe van die gemeente moet wees soos in die eerste periode van die Christelike Kerk. Die Charismatiese sektes soek 'n herhaling van die eerste Pinksterdag.

'n Australiese professor (Alan Paxton) was in Amerika en 'n dame in die gehoor vra: Waarom kan ons nie lewe soos die eerste Christen gemeente nie? Prof. Paxton antwoord haar met 'n wedervraag: Madam, hoe het u hier gekom? Sy antwoord: By car, of course! Prof. Paxton antwoord toe: Dat is nie volgens die patroon van die eerste Christene nie, hulle het per voet gekom. Ons moet nie God se klok terugdraai nie maar let op die voortgaande werk van die Heilige Gees in die bekering van sondaars en vergadering van sy Kerk.

Wat leer die kerkgeskiedenis omtrent die Charismatiese Sektes?

?? In die tweede eeu was daar Montanus met twee profetesse, Maximilia en Priscilla. Ook is daar nog meer voorbeelde (*Modern tongue Movement*, bl. 13.)

?? In die vierde eeu Donatus en die Donatiste. Stryd van Augustinus teen hulle.
?? In die eeu van die Reformasie was dit veral Thomas Munzer en toe het Luther en Calvyn teen daardie Charismatiese sektes opgetree. Honderd jaar later Jean de Labadie – piëtisme (Sien die boek: *Reformatie en Mystiek* deur HJ Meijerink)
?? Die Metodisme en Darbisme (Wesley, Spurgeon en Whitefield)
?? 1907 in Duitsland die Pinkstergemeentes.
?? Moderne Charismatiese sektes:
   o Die Nuwe Apostoliese kerk
   o Die A.G.S.
   o Die Volle Evangelie Kerk
   o Die ou Apostelkerk. Die Wegraping by die eerste koms van Christus
   o Die Rema Kerk van Mac Auley in Randburg (Healthy, wealthy kerk)

Wat leer die Skrif omtrent hierdie dinge?
?? Wat leer die Skrif omtrent die kinderdoop?
?? Wat leer die Skrif omtrent die tongetaal (sien artikel in *Opbouw* en artikel van Prof. van Bruggen oor 1 Kor. 14:40.)
?? Wat leer die Skrif omtrent die wondergenesings?
?? Wat leer die Skrif omtrent die duisendjarige ryk?
(Die sektes is baie chiliasties, aanhangers van die duisendjarige ryk)
?? Wat van die slagsin: *Jesus Loves You* met die Arminiaanse uitnodiging dat dit van jou afhang of jy gered wil word...

Konklusie of Gevolgtrekking.
In 'n artikel in die Nederlands Dagblad (3/8/02) word 'n opmerking van ds. Blokhuis aangehaal waarin hy sê dat hy lank jaloers was op mense wat in tonge kan praat: "Hoekom hulle wel en ek nie, ek twyfel of ek wel vol genoeg is van die Heilige Gees. Die jaloesie is nou verby want die teks van 1 Kor. 14:4 sê: 'Hy wat in 'n taal spreek stig homself; maar hy wat profeteer stig die gemeente.'" Deur sy verdere studie van die bybelboek, het hy geleer dat Paulus in die hele brief steeds weer daarop wys dat gemeentelede mekaar moet stig. Hy wat in tonge praat, stig homself. So het die jaloesie verdwyn deur insig in God se Woord. Maar daar is ook is gelowiges wat hulle laat oordoop het en by Charismatiese sektes aansluit en die kinderdoop 'n groot sonde noem, sowel 'n sonde teenoor God as teenoor die kind. Die vraag is: Kan dit ook met my gebeur? Hoe kan ons onsself wapen teen hierdie Charismatiese sektes? Deur te studeer in die Bybel en in ons belydenisskrifte.

Moenie vergeet dat by die Charismatiese sektes die Verbond van genade in die lyn van geslagte misken word. Volgens die Charismatiese sektes is daar slegs losstaande siele wat gered word, nie 'n volk van God soos die Bybel leer nie. (Matt. 1:21)

Lektuur om te lees
Tongetaal:
?? 1 Kor. 14
?? Hand. 2: 1-13

Kinderdoop:
?? Die doopsformulier
?? NGB art. 33 en 34

Die Heilige Gees en sy werk:
?? NGB art. 11, 22
?? HK Son 1, vr 1
?? HK Son 3, vr 8
?? HK Son 25 vr 65, 66

Bekering en wedergeboorte:
?? DL III/IV, 12-14

Verbond van genade
?? Gen. 17:1-7
?? Hand. 2:38,39
?? 1 Kor. 7:14
?? DL I,17

POSTMODERNISME

Vergeet eers van die woord, ook al ken jy dit! Lees hierdie artikel en kyk of jy die vrae kan antwoord. As jy dit kan beantwoord, dan het ons jou inset by die kongres baie nodig! As jy nie die vrae kan beantwoord nie, dan het ons jou leergierigheid by die kongres baie nodig! Kom luister in elk geval hoe hierdie onderwerp 'n werklikheid in ons lewe van elke dag is.

En eintlik 'n saak is van lewe of dood…!
Vrae:
1. Waarom wil die wêreld hê dat jy ook iemand anders moet kan wees?
2. Wat bedoel hierdie artikel met: "kuier, vry… en lieg?"
3. Is daar iets fout met fantasie? Hoekom?
4. "I must feel good!" Noodsaaklik of nie?

5. Just do it! What?
6. Wat word bedoel met: "Tesco, ergo sum" (I shop, therefore I am)?
7. Hoe is ek gereformeerd in 'n wêreld wat gedryf(beheers) word deur 'n postmoderne gees?

Voorstudiemateriaal:
Daar is sover my kennis strek, baie min (geen?) gereformeerde afrikaanse boek oor postmodernisme nie. Wie wel iets van 'n Christelike beoordeling van postmodernisme wil lees, kan die hoofstuk oor postmodernisme lees in *Oriëntatie in de filosofie* deur G. van den Brink.

WORD IEMAND ÁNDERS

Toe virtuele kletskamers sowat tien jaar gelede ontstaan het, is 'n "plek" geskep waar jy kan kuier, vry... en lieg.

Dit is die plek waar miljoene fantasieë elke dag uitgeleef word – nie die groter-as-lewensgroot variasie van fliekteaters se derdepersoonervaring nie, maar die klein, menslike fantasieë van gewone sterflinge.

Eers het dit bekend gestaan as "Internet Relay Chat" (IRC), en as jy die ingewikkelde programmatuur kon installeer en opstel, kon jy tien jaar gelede virtueel instap in die gesiglose wêreld van kletskamers – en deur die getikte woord die persona van jou keuse aanneem.

Dit was 'n sosiale revolusie in die kleine, 'n onbesonge fenomeen, 'n onsigbare interaktiewe ontploffing. Klets het 'n subkultuur geword, 'n verborge kanaal van interaksie wat eers vyf jaar later die sprong na die webleser ("browser") se maklik bruikbare venster sou maak en die wellustige tieners van die wêreld se kuierplek, vryplek en liegplek word.

En toe skuif die grootmense aan na kitsboodskapstelsels ("Instant Messaging") soos IRQ, Yahoo Messenger!, AOL Instant Messenger en Windows Messenger, met groter uitsoekerigheid, privaat en georden.

Maar die rede vir dié unieke medium se sukses duur steeds voort: die vermoë om iemand anders te wees, om jou voorkoms, ouderdom, maatskaplike en finansiële stand na willekeur te verander. Kortom, om 'n fantasie van jouself te skep en dit te gaan uitleef.

Prof. Sherry Turkle van die Massachusetts Institute of Technology gebruik in haar baanbrekersboek Life on the Screen: Identity in the Age of the Internet die wonderlike voorbeeld van mense wat voorgee om van die teenoorgestelde geslag te wees – en hoe dié soort spel jou begrip vir ander kan verbreed.

Sy skryf oor die man wat dikwels vrou speel in kletskamers en dit dan makliker vind om hom te laat geld, omdat hy glo manlike selfgelding is deesdae taboe. En 'n vrou wat die teenoorgestelde doen omdat sy meen dat dit aanvaarbaarder is vir 'n man om selfgeldend te wees.

Maar dit is uiterste voorbeelde. Die blote vermoë om deur niks anders nie as woorde met verskillende identiteite te eksperimenteer is volgens Turkle 'n uitstekende manier vir mense om hulle eie identiteit te ondersoek. En selfs seksueel 'n toon in die veilige kuberwater te steek.

Die probleem is dat die tegnologie ook misbruike moontlik maak, sosiale bedrog en manipulasie van die ergste graad. En nie almal kan onderskei tussen fantasie en werklikheid nie. Soos Turkle se feitelike voorbeeld van die 80-jarige omie wat 'n jaar lank 'n kuberverhouding met 'n ander man gevoer het deur voor te gee hy's 'n 20-jarige meisie.

Die vraag is natuurlik: Wat is die volgende tegnologiegolf wat intydse gesprekke gaan tref? Hoe gaan dit fantasie se moontlikhede verbreed en verdiep? ■

Die Welkom-matjie voor die deur van die Kaapse jeug, is voorwaar 'n interessante plek om te wees. Die sleutelgat is nou wel nie so groot dat absoluut alles daardeur bespeur en bespreek kan word nie, en wie weet, dalk is dit maar beter so.

Die heel eerste waaroor ek moet berig, is natuurlik die skielike verskyning van die Uzzi-model in ons beskeie Kaapse gemeentetjie. Het hy nou nie die damesharte op hol gehad nie, mense! Ewart, die nuwe outfit mag maar, hoor!

Kan julle dit glo, ons eie ou skooltjie is dié jaar 25 jaar oud, en ons het dit gevier met vreetsame… – jammer, ek maak gedurig daardie fout – vreedsame verrigtinge op die skoolterrein. Maar niemand kan stry nie, as dit nie was vir al daardie kós nie…! Daar is nog heelwat maagspiere ook gebou (dis natuurlik van die lag) terwyl almal die ou foto's staan en bekyk het. Daar was 'n paar gevalle van amperhisterie oor ongelooflike kapsels en style van lank vervloë en, in my geval sekerlik, hopelik lank vergete kinderjare!

Die ou Sonstraaldam sal darem seker nie sommer sy gewildheid by die Kaapse lede van die kudde verloor nie, want op 'n mooi sonskyn Sondag na JV sal jy darem redelik gereeld 'n paar van ons daar raakloop. Of selfs saans as die somerwind die dames se Sondagskapsels nie te veel verfomfaai nie. En gerieflik naby – stapafstad soos sommige van ons sal kan getuig – is tannie Wietske en oom Joop dV se huis. Dié het terloops onlangs onbewoond gestaan, en die gesusters Eefting moes kyk dat daar darem nie verander en afgebreek word nie. Daarby het hulle die troue ondersteuning van 'n paar dapper jeuglede gehad. Tog opmerklik hoedat selfs deur die sleutelgat opvallend was dat die beskerming maar grotendeels op die agterstoep, in die kombuis en die TV-kamer plaasgevind het. Pictionary was 'n belangrike deel van die verdedigingstaktieke vir daardie deel van die huis…

Op een goeie naweekaand in die nie te verre verlede nie, het ons bietjie deur middel van praktiese eksperimentering probeer vasstel hoeveel mense op een slag in Anita se kamer kan sit en speletjies speel. Ons aan hierdie kant van die Vaal ken ons storie, en almal wat opgedaag het, het iewers sitplek om 'n boardgame, in 'n kaartspel of in die kring intellektuele-denkers-in-'n-stryd-teen-tyd gevind. Anita, dankie vir jou gasvryheid, en jou ouers vir hulle geduld met die soms uitspattige klanke van jolyt wat seker so nou en dan bo die aanvaarbare hoeveelheid desibels uitgestyg het.

Afgelope Vrydagaand is huise Eefting – dis nou Maartje-, Lieneke- en Anne-hulle se huis – op stelte gesit met goeie musiek en 'n gesellige braaivleisvuurtjie. Chrisjan was nie soseer geïnteresseerd in die wyn, aktiwiteite en intelligente geselskap om die braaivleisvuur nie, en het kort-kort in die garage verdwyn. 'n Mens sou hom moontlik nog kon uitskel vir 'n wannabe-mechanic, maar hy kon ondanks herhaalde pogings – selfs 'n rit na die naaste petrolstasie – nie die Geel Gevaarte aan die brand geskop kry nie. Die Geel Gevaarte synde nou Lieneke se poegie wat sy beste jare reeds in die vroeë neëntien-sestigs agter gelaat het… Die res van ons het die aand beslis geniet.

Die volgende dag was almal volgens plan om 13:30 pm in rep en roer om Tafelberg te gaan aandurf. Dis nou as Moeder Natuur so gaaf was om saam te werk, maar sy kan blykbaar nou nie meer so lekker onthou watter seisoen dit nou weer in November in die skoonste Kaap moet wees nie. Of dalk is sy net steeks, want ondanks vele versoeke vir sonskyn, laai sy toe vir ons 'n vrag wolke vir die dag af. Dus is die bergklimmery afgelas en die wit sand van Big Bay, Bloubergstrand, opgesoek. Daar het die jeug 'n paar gesellige uurtjies deurgebring. Hoekom Clifton in die vergeet-hoekie geskop is, sal ek nie kan raai nie, want sover ek deur die sleutelgat kon vasstel en vir sover my geheue strek – dit is nie vreeslik ver nie, ek waarsku

julle – was daar nog nie enige groepsaktiwiteit op daardie lieflike stukkie Kaapse kus nie.

Natuurlik bring die doodsnikke van die jaar vir ’n groot deel van die jeug menige fronse van konsentrasie, krete van frustrasie en versugtinge van verlossing. Ek verwys natuurlik nou na die hedendaagse plaasvervanger vir die WWII- konsentrasiekampe – eksamen. Dis die tyd wanneer mense soos julle einste sleutelgatloerder gewoonlik te laat besef dat dit eintlik regtig help om al jou werk te leer, en dat spot regtig ’n gevaarlike tipe taktiek is. Mense, sterkte. Glo my, ek voel saam met julle die pyn van vermorste somersdae en sonskyn voor die boeke! Aan dié van julle wat klaar is… vir julle het ek niks te sê nie.

Maar aan die einde van dit alles is die Kongres. Ek het verneem dat ek al vir ’n lui en slaapgraag spioen uitgeskel is, maar ek het reeds gaan rondsluip en die terrein gaan verken – so, die van julle wat bietjie inside-info soek, julle weet waar om my te kry. Ek weet beslis dat hierdie ene die moeite werd gaan wees! So plunder maar jou boetie se spaarvarkie en verduister elke losliggende, onopgemerkte 1- of 2-sent, want dié Kongres gaan voorwaar een van die bestes wees!

Tot dan!
Julle waarheidsliewende
Sleutelgatspioen!

Voetspore

Wie sou nou ooit kon dink dat daar weer ’n maand verby is? Goed, as die leser elke aand ’n maanlesing of ’n Donald Duck-scheurkalender bygehou het, dan is hierdie gewaarwording seker nie so verwonderlik nie, maar tog, dit gaan vinnig. Maar dit wil nie sê dat daar nie die nodige gebeurtenisse plaasgevind het onder die jeug nie.

Eerste van alles is daar iets wat nou nie direk gesien kan word as ’n VGK-jeug happening nie, maar wel iets is waarby baie van ons betrokke is. Die sokkerclub der sokkerclubs, FC Hollandia, se jaarafsluiting. Die gebeurtenis het begin met ’n wedstryd tussen die vroue-team en die vroulike hokkiespan. Dit was nogal amusant, want wie sê vrouens kan nie sokker speel nie? Veral Marlies moet haar naam dalk verander na Marlies Zidane (klink groter as Kleyn huh?), want sy het iets soos 6 goals gescore. Aan die ander kant het Monique ’n redelik rustige middag gehad. Sy het natuurlik al gedroom dat sy in haar pa se voetspore sal volg en net so ’n briljante keeper word, maar die opponente het haar nie oordrewe baie werk gegee om te doen nie. Net een vraag: gestel die sokkerspan moes nou teen die hokkiespan HOKKIE speel, wat sou dan gebeur het??

Die leser sal die volgende informasie waarskynlik afmaak as "ou nuus," "DUH" (soos ons geliefde vroulike jeuglede baie gesofistikeerd kan sê) of iets soos dit, maar tog moet dit nou maar gesê word: die Filistyne (lees: die Nederlanders) is op ons! Eerstens is daar natuurlik Harmen "Hoe laat is het" Klok, wie se mond nie so verskriklik baie in sloerfase gaan nie, en dan is daar Hanneke Lamberink en Rijanne Veurink wat intrek geneem het in die pastorie. Die jeug is natuurlik baie bly met al hierdie afwisseling, maar ek is amper seker niemand is meer bly met die koms van Hanneke as Marlboro South Africa Inc, en Anton Rupert (van South Africa’s finest tobacco) nie. Hulle omset

het skynbaar ’n groot opwaartse kurwe beleef. Rijanne was waarskynlik deur die skoonheid van Suid-Afrika (ondanks die feit dat daar nie renosters en leeus oor Fratesweg loop nie) met stomheid geslaan, want sy het nog nie so baie gesê nie. Of gee sy die geleentheid aan Harmen? Maar goed, genoeg gefilosofeer hieroor, welkom in die land van melk en heuning, van mieliepap en boerewors en van hitte en sweet! Teen die tyd van die Olielamp-uitgawe is hulle seker al weer amper weg, en dan groet ons maar sommer direk ook.

Sulke besoeke van die buiteland lei natuurlik altyd tot sightseeing, en een van die uithangplekke wat besoek is, met ’n ongelooflike groot groep van ons jeug van 16 jaar en ouer, was Oppiplaas. Dit is nou ’n plek wat nie regtig heel plaas-erig is nie, maar die naam is natuurlik afgelei van Oppikoppie en Oppikoffie, maar aangesien laasgenoemde ’n gewilde plek van die sepie 7de Laan is, sal ons hierdie Vrydagaand nou maar die sepie ‘34ste Laan’ noem, want die plek is daar êrens. Maar goed, laat ons praat oor die kuier: dit was nogal interessant: Reinhart het die stunt van die eeu uitgepluk (kyk maar om julle heen vir meer inligting) en Arnold het ’n spontane aanlegtoets afgelê, want hy het as ’n tipe waiter gefunksioneer, aangesien Oppiplaas se eie waiters seker koeie moes melk of so. Floris was heel luidrugtig, maar voor ds. Visser nou al sy Bybeltekste bymekaar skraap om Floris te vermaan oor alkoholmisbruik: dit was omdat hy UITEINDELIK sy lisensie geslaag het. Daar is "groot gekuier" (direkte aanhaling van Marius), en as enigiemand wil weet hoe ’n mens die aand in een woord kan beskryf, vra net vir Wouter. Dit is te loud en te beskrywend vir [geskrewe] woorde, dus sê ek dit nou nie, maar vra regtig! Dit is nogal ’n goeie opsomming…

As u hierdie artikel lees, is dit alweer verby, maar ek hoop tog net julle het almal baie simpatie gehad met die matrieks, want dit was die eindeksamen, mense! En moet tog nie gerugte glo dat die onderwysstandaard en ’n matrieksertifikaat NIKS beteken nie, want dit berus op blote bespiegelinge wat ongegrond is. Marie-Louise en Gideon het trouens ook ’n paar vakke oorgeskryf, en volgens die gerugte het Gideon selfs vir iets soos ’n volle 23 minute nie rotsklim beoefen nie, maar fisika geleer! Selfs sy bike moes maar rustig in die garage staan. Was dit nou om uit te werk hoeveel Newton sy toue moet hou as hy weer aan ’n rots hang, of was dit pligsgetrouheid?

Aan die einde van die jaar is dit ook weer tyd vir mense om belydenis van hulle geloof af te lê. ’n Redelik groot groep het dit gedoen en die kerke was vol om dit by te woon. Die Olielamp wil net nog vir elkeen baie geluk sê met die groot dag!

Net soos die jaar nou REGTIG einde se kant toe staan (dit word meestal selfs in Julie en Augustus al gesê, maar hierdie keer is dit realiteit), so kom hierdie artikel ook tot sy einde. En aangesien hierdie jaar al klaar vol hoogtepunte gaan eindig, met ’n kongres in die plek der plekke, ag ek dit nou as ’n oorbodigheid om hierdie artikel ook met ’n hoogtepunt te beëindig. Daarom net die volgende:

Bye
Voetspoor

Resensie

WWW.SCREENIT.COM

Nou is daar absoluut geen verskoning meer om ’n "verkeerde" fliek te kyk nie. Die webwerf http://www.screenit.com, bied jou al die gewenste inligting wat jy soek voor jy na ’n fliek wil kyk. Uitgebreide kommentaar word gegee oor bv. die aantal vloeke, hoeveel keer God se naam ydellik gebruik word en of daar sekstonele voor kom ensovoorts. Vir enige fliek kan inligting verkry word deur van die soek opsies gebruik te maak.

Ons hoop dat hierdie webwerf jou kan help met die stryd as Christen in jou lewe.

BROKKIES@EPOS.CO.ZA

From: willy_k@freemail.absa.co.za
To: brokkies@epos.co.za
Sent: Sunday, November 17, 2002 4:21 PM
Subject: Fw: A Simple Touch

Hallo almal!
Hier is 'n storie wat 'n mens diep kan raak (altans dit is wat dit vir my doen). Dit laat 'n mens regtig weer dink oor hoe ons met ander mense omgaan en wat klein dingetjies vir ander mense kan beteken.

Groete,
Willemien

----- Original Message -----
From: Child & Youth Care
To: willy_k@freemail.absa.co.za
Sent: January 1998
Subject: Fw: A Simple Touch

----- Original Message -----
From: Nancy Moorman in Chicken Soup for the Soul
To: Child & Youth Care
Sent: 1993
Subject: A Simple Touch



My friend Charlie let himself in, back door slamming. He made a beeline for my refrigerator, searched out a Budweiser and slid into a kitchen chair. I regarded him with interest.

He had that shaken, bewildered look of someone who had just seen a ghost or maybe had confronted his own mortality. His eyes were rimmed with darkness and he kept waving his head from side to side as if carrying on a conversation inside himself. Finally he took a long swig of the beer and made eye contact.

I told him he looked pretty awful. He acknowledged that, adding that he felt even worse, shaken. Then he told me his remarkable story.

Visitor from the past
Charlie is an art teacher at a local high school. He has been there for many years and enjoys the envied reputation of one who is respected by colleagues and sought out by students. It seems that on this particular day he had been visited by a former student, returning after four or five years to show off her wedding ring, her new baby and her budding career.

Charlie stopped talking long enough to taste his beer. So, that was it, I thought. He had confronted his own mortality. The years fly past for a teacher and it is always disconcerting to blink and find a woman where only yesterday there had been a child.

"No, that wasn't it, exactly," Charlie informed me.

"Not a lesson in mortality. Not a ghost." It had been a lesson, he explained, in humility.

The visitor, Angela, had been a semi-serious art student nearly five years earlier. Charlie remembered her as a quiet, plain girl who mostly kept to herself, but who welcomed friendly overtures with shy smiles.

Now she was a confident young woman, a mother, who initiated conversations instead of responding to them. She had come to see her former art teacher and she had an agenda. She began after only a few preliminary amenities.

Seeking freedom
"When I was in high school," she explained, "my stepfather abused me. He hit me and he came into my bed at night. It was horrible. I was deeply ashamed. I told no one. No one knew.

"Finally, during my junior year, my parents went away for the weekend, leaving me home alone for the first time. I planned my escape.

"They left on Thursday evening, so I spent the entire night preparing. I did my homework, wrote a long letter to my mother, and organised my belongings. I purchased a roll of wide plastic tape and spent an hour taping all the outside doors and windows of the garage from the inside. I put the keys in the ignition of my mother's car, put my teddy bear on the passenger's seat and then went up to bed.

"My plan was to go to school as usual on Friday and ride the bus home, as usual. I would wait at home until my parents called, talk to them,

then go to the garage and start the engine. I figured nobody would find me until Sunday afternoon when my parents returned. I would be dead. I would be free."

Angela had held to her plan until eighth-period art class, when Charlie, her art teacher, perched on the stool next to her, examined her artwork and slipped an arm around her shoulder. He made small talk, listened to her answer, squeezed her lightly and moved on.

Angela had gone home that Friday afternoon and written a second, different letter of good-bye to her mother. She removed the tape from the garage and packed her teddy bear with the rest of her belongings. Then she called her minister, who immediately came for her. She left her parents' home and never went back. She flourished and she gave Charlie the credit.

The story nearing its end, Charlie and I shared some quiet conversation about schools that warn teachers not to touch students, about the philosophy that social time in schools is wasted time, about how sheer numbers of students sometimes preclude this type of encounter. How many times, we wondered, had we flippantly related to students in need? We sat in silence then, soaking up the intensity and implications of such a story. This type of encounter must happen thousands of times in schools and churches and shopping malls every day. It was nothing special. Adults like Charlie do it naturally, without thinking.

Worth caring about

Then Charlie gave his interpretation. Angela had decided in that moment, in that art class, that if a casual friendly teacher cared enough about her to take the time to stop, make contact, look at her and listen to her, then there must be other people who cared about her, too. She could find them.

Charlie put his head in his hands while I rubbed the gooseflesh from my arms. He looked up at me, armed with his new lesson in humility. "Nancy," he said very quietly, very emphatically, "what humbles me the most is that I don't even remember the incident!"

And all these years later, she had come back to tell him that she credited him with saving her life.

GEDIG: JAARWISSELING MEDITASIE

Willemien Kleyn

"*Halleluja! Loof die Here, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid*"
- Psalm 106:1

Die jaar 2002 kom nou vinnig aan sy einde. Dit is weereens tyd om terug te kyk op die jaar wat verby is. Dit was 'n jaar met sy op en af; 'n jaar met blydskap en verdriet; 'n jaar met voorspoed en teëspoed. Maar in dit alles kan mens tog duidelik God se Hand sien. God was altyd daar. God se liefde het ons omring. Dit is ook wat Helen Steiner Rice agtergekom het en waaroor sy geskryf het in die gedig hieronder. Laat ons dus ook met groot dankbaarheid God aanroep in ons gebede en Hom dank vir alles wat Hy ons weer gegee het en sy seën vra vir die komende jaar.

Mag julle geseënde Kersdae hê en 'n voorspoedige 2003!

New Year's Meditation

-- Helen Steiner Rice (A Book of Thanks)

What better time
and what better season,
What greater occasion
or more wonderful reason,
To kneel down in prayer
and lift our hands high
To the God of creation,
who made earth and sky,
Who sent us His Son
to live here among men,
And the message He brought
for the year that now ends
is as true now as then.
So at this glad season,
when there's joy everywhere,
Let us meet our Redeemer
at the altar of prayer,
Asking Him humbly
to bless all our days
And grant us forgiveness
for our erring ways.
And though we're unworthy,
dear Father above,
And for the great blessing
Accept us today
and let us dwell in Thy love,
So we may grow stronger
upheld by Thy grace,
And with Thy assistance
be ready to face
All the temptations
that fill every day.
And hold on to our hands
when we stumble and stray.
And thank You, dear God,
of loved ones and friends.

VERJAARSDAE

Bethal

Marius Porter	13-Jan
Fourie du Preez	16-Jan

Johannesburg

Marietjie Bijker	22-Des

Kaapstad

Peter Raimond	7-Des
Jaco Haak	8-Des
Elizabeth Raimond	10-Des
Magda Geleijnse	31-Des
Giny van der Vinne	31-Des
Albert Drijfhout	4-Jan
Elsje Scheltens	10-Jan
Riana van der Lugt	24-Jan

Maranata

Johan Sterk	1-Des
Willem Sterk	1-Des
Axel Hagg	2-Des
Gerda de Jager	9-Des
Marijke Aartsma	9-Des
Matthijs v/d Hout	13-Des
Renier Kampman	13-Des
Marinus v/d Hout	19-Des
Astrid van der Sluis	12-Jan
Anton Sterk	13-Jan
Erik de Vries	14-Jan
Erik van Alten	20-Jan
Jeanette de Jager	21-Jan
Ferdinand Kerkhoff	29-Jan
Daniël v/d Meulen	29-Jan

Pretoria

Carina Bijker	5-Des
Tanya de Vente	7-Des
Richard de Vente	23-Des
Timo Schuring	28-Des
Gerjan Hagg	4-Jan
Andreas Boon	6-Jan
Ronnie van der Veen	7-Jan
Hans de Wit	9-Jan
Marjan Middeljans	15-Jan
Willemien Ros	17-Jan
Arjan v Houwelingen	18-Jan
Marianne v/d Horst	31-Jan

GELUKWENSING

Die Olielamp redaksies wens ons getroue bladuitlegger, Gerhard en sy vrou Erika veels geluk met die geboorte van hul seun, Christiaan.

Sperdatum vir die volgende uitgawe:

12 Januarie 2003